FYNPROE
February 2008
P. 9
National

Manley Communications
PERCEPTION MANAGEMENT CONSULTANTS



VODKA EN WATER, SEBLIEF

Vawter is 'n nuwigheid op die mark – fonteinwater uit die Franschhoek-berge gemeng met vodka en 'n skeut lemmetjie. Dit het 'n slaflike alkoholinhoud van 5.5% en het 'n ligte vonkel. Dit is beskikbaar in 300 ml-bottels teen R7.25 elk.

EN DIE VAATJIES ROL!

Gabriel's Kloof was die naelskraap-wenner in die jaarlikse Botrivier-vaatjierolkompetisie. Dit was 'n spannende wedloop met spanne wat hul bontgeverfde vate teen 'n hooi-uitgevoerde renbaan afgerol het. Witklip was met 'n kortkop tweede en Beaumont derde. Pryse soos 'n vat geskenk deur Radoux en kiste wyn was op die spel. Opbrengste het gegaan aan die Bot River Education Foundation.

NUUT OP DIE EETHORISON

Daar is 'n nuwe eetplek op die Stellenbosse horison. Dornier Bodega het sy voormalige staldeure oopgemaak op Dornier onder die wakende oog van sjef Tullishe le Roux. Raphael Dornier sê die Bodega-filosofie is dieselfde as in die wingerd – jy moet begin met eersteklas-bestanddele, kreatiwiteit en 'n strewe na volmaaktheid. Kyk uit vir skrophoenders en *free range*-vleis, tuisgemaakte pasta en Flammekueche. Bespreek by (021) 880-0557 of gaan loer by *www.bodega.co.za*.